## ✞ Kort opsomming van Berèa Christen Gemeente se Bybelse siening wat handel oor seksuele oriëntasie en soortgelyke kwessies.

**1. Homoseksualisme / Lesbianisme.**

Die Gemeente verstaan uit die Skrif dat die tipe van gedrag sondig van aard is. (1 Kor. 6:10; Rom. 1: 26. 27 ens…) Volgens die Gereformeerde verstaan van God se onfeilbare Woord deur die eeue bely die kerk dat God een man vir een vrou gemaak het. (Genesis 1 & 2; Matt. 19: 4 ens…) Dit is nie alleen sonde om dit te beoefen nie maar ook jou goedkeuring te gee aan die wat dit beoefen. (Rom. 1: 32)

**2. Selfde geslag huwelike.**

Selfde geslag huwelike word nie as 'n huwelik deur die Bybel of Gemeente beskou nie. Twee mans of twee vroue kan nie God se eenheid vorm soos in Sy Woord deurgegee nie en ook nie die opdrag uitvoer om vrugbaar te wees en te vermeerder nie. (Genesis 1&2). Die Gemeente sien dit eerder as 'n oordeel van God oor die wat Sy Woord willens en wetens verontagsaam. (Romeine 1: 18 – 32)

**3. LBGTQ+** (Die afkorting staan tans vir Lesbiër, Biseksueel, Gay, Transgender, Queer en die + verteenwoordig enige ander groep wat ander, nie-bybelse seksuele gedragspatrone, voorstaan). Die Gemeente verwerp enige verhoudings, optrede, sondige praktyke en dies meer wat deur die akroniem verteenwoordig word. As Gemeente en kerk van Christus bly die Bybel ons norm en hoogste gesag en kan ons nie elkeen se siening of neiging akkommodeer nie. Die geskiedenis het dit al oor en oor bewys dat mense deur hulle verduisterde harte, sekere dinge in sekere tye akkommodeer tot nadeel en diepe hartseer van mense. Die beginsel bly, een natuurlike man vir een natuurlike vrou soos die Here dit van die begin af bedoel het.

**4. Geslags neutraliteit.**

Daar bestaan nie so iets soos geslagsneutraliteit nie. Die Here skape man en vrou. Die ontkenning of my kind 'n seun of dogter is en self die keuse moet maak as hulle oud genoeg is, is sonde. Ons moet hulle leer wat die Woord ons leer oor ons geslag en hoe ons die Here daarin moet verheerlik. (Ef. 5:22 – Hf 6:9; Kol 3: 18 – 25)

**5. Poligamie.**

Ons sien by tye in die Bybel dat die Here die sonde toegelaat het. Hy het nooit Sy goedkeuring daaraan gegee nie. Elke liewe een wat met die sonde deurmekaar geraak het, het hulleself met baie smarte deurboor. Die

Bybelse beginsel soos reeds na verwys is, een man vir een vrou, waaruit die geslag gebou moet word. (Genesis 1&2). Mense stel nie die standaard nie, maar God deur Sy Ewige Woord. (2 Tim. 3: 16, 17)

Die Gemeente se gesindheid teenoor mense wat in die soort van sondes vasgevang is, bly altyd een van liefde soos ons teenoor enige ander sondaar sal bewys. Ons praat nie neerhalend, afbrekend of liefdeloos van hulle nie. Ons bied die kosbare Evangelie ook aan hulle. Dis die goeie nuus dat Jesus Christus gekom het om ons vry te maak van enige sonde.
Die Duiwel, die vader van die leuens (Johannes 8: 44) verblind die sinne van mense en ons doel is om die kosbare lig van die Evangelie helder te laat skyn. Daar is net vreugde en vryheid in die ken van Christus en die uitleef van sy kosbare standaarde.

* * U KAN MEER INLIGTING BEKOM OP DIE VOLGENDE WEBTUISTES:

- https://www.gotquestions.org/
- https://www.gty.org/library/articles/A170/gods-plan-for-the-gay-agenda
- https://www.youtube.com/watch?v=dN-Cy62gP1Q
- https://www.ligonier.org/learn/devotionals/homosexuality
- https://www.gty.org/library/sermons-library/GTY89/answering-key-questions-about-homosexuality